NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 13
10 April 2025

# DPS-gesinskamp 2025: *Wees die verskil*

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Dit is nie altyd maklik om woorde te vind wat reg laat geskied aan 'n belewenis wat jou hart só diep geraak het nie. Die DPS-gesinskamp van 2025, met die tema *Wees die verskil*, is een van daardie oomblikke wat moeilik is om volledig in woorde vas te vang. Vir iemand wat nie self daar was nie, is dit byna onmoontlik om die unieke gees van die naweek ten volle te verstaan. Ons het saam gelag, gespeel, gedans, lekker geëet en daagliks saam gegroei. Die opening van die kamp die eerste aand en die afsluiting met 'n erediens die Sondagoggend maak die kamp jaarliks iets besonders.**

Hierdie jaar was my vyfde kamp as student/mentor by die DPS-kamp – en wat 'n ongelooflike voorreg was dit nie weer nie! Die studente hou toesig en reël aktiwiteite vir die kinders, en gee die huisouers 'n kans om bietjie te ontspan. Sedert my eerste deelname in 2020 het hierdie kamp en die mense wat ek daardeur ontmoet het 'n ongelooflike impak op my lewe gehad. Wat ek oorspronklik gesien het as 'n geleentheid om 'n verskil in 'n kind se lewe te maak, het in werklikheid uitgeloop op iets veel groter: Die kinders van die DPS-huise het 'n verskil in *my* lewe gemaak.

Die kamp van 2025 was iets besonders. Daar was 'n opvallende energie, 'n gees van verbondenheid en opregte vreugde tussen die kinders, studente, ouers, maatskaplike werkers en gaste. Die entoesiasme en deelname van elke persoon het bygedra tot 'n atmosfeer van vreugde en groei. Vir baie van die kinders is die kamp 'n plek waar hulle veilig en geliefd voel, waar hulle hulself kan wees, en waar hulle die ruimte kry om te groei en te blom.

Elke jaar staan ek verstom oor hoe die kinders ontwikkel, hoe hulle met selfvertroue begin praat, nog vriende maak, lag en speel. Daar is iets so spesiaal aan daardie oomblik wanneer 'n kind uit sy/haar dop begin kruip en sy/haar unieke lig begin skyn. Dit is juis daardie transformasie wat die kamp só besonders maak.

Ek is opreg dankbaar teenoor mev Suzanne van Deventer (die DPS-huise se programbestuurder) wat my vyf jaar gelede genooi het om deel te word van hierdie merkwaardige DPS-span. Hul vertroue en toewyding aan die kinders het duidelik 'n impak wat veel verder strek as net die kamp self. Dankie aan elke individu wat betrokke is by die DPS-huise. Jul toewyding, liefde en harde werk maak 'n enorme verskil!

Aan my medestudente: Jul ywer en entoesiasme het hierdie kamp iets besonders gemaak. Jul spanwerk en opoffering word opreg waardeer, en ek glo dat ons elkeen iets besonders uit die ervaring geput het.

Die DPS-kamp van 2025 was nie net sommer 'n kamp nie. Dit was 'n geleentheid waar elkeen van ons nie net as mens gegroei het nie, maar ook in die geloof. Mag God elkeen seën wat betrokke is by die DPS-huise. Ons sien jul harde werk raak, en ons waardeer wat julle vir die kinders doen.

**Ds Tanya Maartens**
**Klerksdorp-Wilkoppies**



Ds Drian en prop Anami Cockeran



Dr André Ungerer



Dr Deon du Toit



Dr Piet en Selna van Staden



Ds Pierre Jacobs (sr)



Ds Duwies Duvenage

## Lief en leed

- **Ds Drian Cockeran** (Bronkhorstspruit) en **prop Anami McClintock** (beroepafwagtend) is op 1 April in die eg verbind. Ons wens die Cockeran-egpaar God se seën op hul huwelik toe.

- Ons deel graag die goeie nuus dat **dr André Ungerer** (dosent) goed herstel het na sy hartomleiding. Hy het Maandag reeds weer sy pligte hervat.

- **Dr Deon du Toit** (Pierneef/dosent) maak goeie vordering nadat hy einde Januarie in die hospitaal opgeneem is weens breinbloeding en 'n kraniotomie moes ondergaan. Hy spreek sy dank uit vir almal se gebede en belangstelling.

- **Dr Piet van Staden** (emeritus/Worcester) se vrou, **Selna**, is ernstig siek. Ons vra die Kerk se voorbidding vir haar en die familie in hierdie moeilike tyd.

- **Die volgende predikante verjaar tot 18 April 2025, en word hartlik geluk gewens:**
    - Donderdag 10 April: Ds SW (Schalk) Zastron (32) (Ermelo)
    - Saterdag 12 April: Ds JP (Paul) Janse van Rensburg (63) (emeritus)
    - Sondag 13 April: Prof AJ (Alex) Antonites (82) (emeritus),<br>di CB (Nardus) Enslin (61) (Ebenhaëzer), en<br>GPJ (Gerrie) Grobler (81) (emeritus)
    - Maandag 14 April: Dr PJ (Pierre) Jacobs (39) (Gaborone),<br>di JZ (Hans) Britz (58) (Eendracht),<br>R (Rue) Hopley (38) (Pretoria-Oos),<br>JP (James) Jooste (73) (emeritus), en<br>L (Lynette) Lötter (29) (Vryheid)
    - Dinsdag 15 April: Ds WH (Wessel) Swart (78) (emeritus), en<br>prop A (Annami) Cockeran (McClintock) (26)<br>(beroepafwagtend)
    - Woensdag 16 April: Ds GPJ (Gerhard) Stoltz (51) (sinodaal/Westonaria)
    - Vrydag 18 April: Ds JH (Hennie) Engelbrecht (35) (Derdepoort)

## Gemeentes en bediening

- **Ds PJ (Pierre) Jacobs (sr)** (Outeniqua, voltyds) het 'n beroep ontvang na Outeniqua (deeltyds). Hy het die beroep aanvaar en beplan om op 30 April 2025 emeritaat te aanvaar.

- Die Kommissie van die AKV verleen emeritaat aan **ds PW (Duwies) Duvenage** (Barberton) op 31 Augustus 2025.

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 28 April** bereik **vir 9 Mei** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- **Gemeente Losberg** in Fochville is op 16 Mei 2025 'n volle **100 jaar** oud. Die feesvieringe begin Sondag **18 Mei** met 'n **lofsangdiens** en word op die naweek van **30 Mei tot 1 Junie** voortgesit waartydens ons afskop met ons ***100 jaar van genade*-basaar**. Die basaar begin Vrydag 30 Mei om 09:00 tot 18:00 en gaan Saterdag 31 Mei van 08:00 tot 13:00 voort. Sondag **1 Junie** vier ons **nagmaal** om 09:30 waartydens groeteboodskappe en gelukwense oorgedra sal word. Ná afloop van die diens, sluit ons af met 'n ete en geleentheid om heerlik saam te kuier. Indien u (oud-predikante, oud-gemeentelede en belangstellendes) die geleentheid op Sondag 1 Junie 2025 wil bywoon, moet u asseblief **voor 14 Mei 2025** vir **dr EB Marran** (082 444 1089) of **Sannietjie Boshoff** (072 361 2359) kontak.

- Met groot dankbaarheid en vreugde vier die **Gemeente Parys in 2025 haar 100ste bestaansjaar**. Dit is vir ons 'n besondere mylpaal en 'n geleentheid om die Here se seën oor die afgelope eeu te herdenk. Op **Saterdag 14 Junie** vind **'n spesiale funksie vanaf**

**15:00** plaas waartydens ons ’n gedenksteen sal lê. Alle lidmate, vorige lidmate en predikante word vriendelik uitgenooi om hierdie geleentheid by te woon. ’n Feeserediens word op **Sondag 15 Junie om 09:00** gehou waartydens ’n nagmaalsviering en ’n gemeente-ete sal plaasvind. **RSVP** voor of op **14 Mei 2025** by 056 8115026 of **parys@nhk.co.za**.

Die feeskomitee sal dit opreg waardeer indien daar enige foto’s beskikbaar is soos:

- Doopfoto’s
- Troufoto’s
- Foto’s van voorstelling en bevestiging van katkisante.
- Enige ander foto’s wat betrekking het tot die feesvieringe.

Verskaf asseblief ’n kort beskrywing by elke foto asook datum indien moontlik. Stuur asseblief aan na **parys@nhk.co.za**.

- **Trek jy Suid-Kaap toe?** Gemeentes Swellendam (**nhkswellendam@gmail.com**), Outeniqua (**outeniqua@nhk.co.za**), Mosselbaai (**gertmalan@telkomsa.net**) of Oudtshoorn (**nhk.oudtshoorn@gmail.com**) ontvang jou graag.

## Vergaderings

- Vrydag 11 April: Moderamen

## Ringsvergaderings

- Die datum vir die vergadering van die **Ring van die Oos-Rand** is aangeskuif na **25 Mei om 11:00**.

## Werksgeleenthede

- **Algemene Sekretaris:** Die **Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WCRC)** is opsoek na ’n toegewyde, deernisvolle en visioenêre leier om te dien as sy volgende Algemene Sekretaris. Die WCRC is ’n deelnemende en profetiese koinonia, verenig in ’n gemeenskap en geregtigheid met ’n wêreldwye gemeenskap van 100 miljoen Christene oor meer as 230 kerke in 107 lande. Kontak asseblief vir mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za** vir meer inligting. **Aansoeke sluit 30 April 2024**.

## Kerklike en ander publikasies







- Die April 2025-uitgawe van ***Die Christelike Vrou*** word deur ds Hannelie Botha se redaksionele artikel *Lekker goed, goeie goed* met positiwiteit ingekleur. ’n Lydenstyd-oordenking, *Geraak deur die kruis of nie?*, is ’n gepaste artikel vir die Paastyd wat handel oor die Lukas-evangelie. Ds Hannelie Botha beskryf in *Vra en leer* die konsep van ’n *mens-biblioteek* vir die deel van inligting. Ds Carel Johann de Bruin, sekretaris van die Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek, brei die plakkaatversameling uit met plakkaat nr 11,

*Bybelvertaling,* in die artikel *SP Engelbrecht Museum.* Daleen Gouws, woordvoerder van Ons Tuis, sluit hierdie uitgawe af met Bejaardesorg se fokus op aktiewe veroudering in *Ons Tuis-tuine.* Volg die skakel na ons NHSV-publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

## ’n Gedig

**Perd en donkie**

Met ’n donkie gaan jy nie oorlog toe nie.

Eeue se krygers het pérd opgesaal
om glorie op die slagveld te gaan haal.

Vir ’n donkie sal jy diens kon vra:
om ’n kar te trek, ’n sak meel te dra...

Met ’n perd kan jy die slinksste vyand jag,
hom inhaal en oorweldig met brute krag.
Op ’n perd kon ’n heerser van weleer
sy meesterskap demonstreer.

Dáár sit die grote Alexander,
Nero, Napoleon en elke ander
vegtende vors: op die rug van sy ros.

Maar Jesus,
Jesus Christus,
Hy...

Hy het op ’n donkie gery.

**Neels Jackson**
Uit: www.facebook.com/neels.jackson

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Toerusting

- **Gemeente Randfontein Midpark**, geleë te Tortelduifstraat 18, Helikonpark, bied weer die **Stasies van die Kruis** aan. Ons nooi medegeloofsreisigers uit om die lyding en kruisiging van Jesus Christus te kom beleef. Tye vir besigtiging is elke weeksdag tussen 08:00 en 16:00 en Sondae voor en na die erediens om 08:30. Almal is welkom om hierdie geloofsreis te onderneem. Vir verdere inligting kontak die **gemeentekantoor by 011 692 3236**.

- **Stasies van die Kruis** by **Gemeente Centurion-Oos**, Napierweg 103, Lyttleton. Die Stasies van die Kruis bied ons die geleentheid om in ons eie leefwêreld ’n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Jy is welkom om dit saam op **jou eie tyd** te kom beleef. Dit sal sinvol wees om ’n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Die stasies verskil jaarliks. Daar is ’n handleiding beskikbaar by die begin van die stasies. Toegang is gratis, maar donasies is welkom (kontant, elektroniese oorplasing,

Zapper). Die donasies word vir aangewend vir skenkings aan plaaslike ouetehuise vir noodsaaklike items.

- Maandag 14 April: 14:00-19:00
- Dinsdag 15 April: 10:00-14:00
- Woensdag 16 April: 11:30-14:30 en 16:00-19:00
- Donderdag 17 April: 16:00-18:30
- Vrydag 18 April: 10:30-13:00
- Saterdag 19 April: 09:00-12:00


**HTK** e-leer kursus vir alle lidmate van die kerk

Tema: Doopkategese

Fooi: R100

Navrae: Ds Hannes van der Merwe
+27 82 575 1979
hannes@pretoriaoos.com

Klik ***hier*** vir meer inligting.
Registreer: **https://winkel.hervormdeteologie.co.za/**




- **Die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA)** se **konferensie** vind op **12-13 Augustus** by Gemeente Pretoria-Oos plaas. Hierdie jaar word Nicea 1700 gevier. Dit is belangrik dat kerke en akademici hierdie belangrike gebeure herdenk. Daarom word die bogenoemde konferensie beplan met die tema ***Skrif-Belydenis-Liturgie - Nadenke oor die Belydenis van Nicea***.

  Die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA) in samewerking met die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria nooi u uit om 'n voorstel in te dien vir **'n akademiese bydrae** tydens die konferensie. Sprekers sluit in akademici van verskillende toonaangewende universiteite.

  **Tydlyn**
  - 31 Mei 2025: Abstrak word ingedien
  - 12 Julie 2025: Finale program word uitgestuur
  - Konferensie: 12-13 Augustus 2025.

  Meer inligting oor die konferensie sal nader aan die tyd in *Blitspos* gepubliseer word. Vir enige verdere navrae kontak gerus die volgende persone: prof WA Dreyer (**wimdreyer@nhk.co.za**) of dr Antionette Janse van Rensburg (**antoejvr@gmail.com**).

excelsus SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

- **Excelsus-kursus: Brugbediening.** Die weggaan van 'n predikant laat 'n gemeente in 'n bepaalde tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om reeds goed opgeleide predikante verder op te lei vir wat brug- of interimbediening genoem word. Dit is doelgerigte en spesialisopleiding om gemeentes tydens hierdie oorgangsperiode, soms deur korporatiewe trauma heen, tot voordeel van die gemeente se nuwe toekoms te begelei en waar nodig te fasiliteer.

| | |
|---|---|
| Datums: | Week 1: 28-31 Julie 2025 |
| Week 2: | 10-13 November 2025 |
| Kursusleier: | Prof Malan Nel |
| Dosente: | Malan Nel, Roelf Opperman, Hannes J van Rensburg, Stephan de Beer en ses ander |
| Kursuskoste: | R3 100 (BTW ingesluit) |

Plek: NG Kerk Suidoos-Pretoria (Stellastraat)
VBO-krediete: 70
Kontak: Irene Thomas 012 420 4952 of **irene.thomas@up.ac.za**.


SkillsPro GROUP
Departement van Teologie in samewerking met die NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Diploma in Bediening
Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; 5 jaar deeltyds



***Toelatingsvereistes***
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie

"Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk."

***Inskrywings vir Februarie 2025 kan nou gedoen word.***

Navrae: Dr Deon du Toit
E-pos: ministry@skillspro.co.za
Selnommer: 082 894 5751

*Maak 'n verskil in die Koninkryk van God*


## VTT 2025

**Geroep – Ek glo en ek bely...**

Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) is 'n jaarlikse afspraak wat predikante onderling met mekaar het. Tydens ons werksessies slyp ons mekaar teologies en motiveer ons mekaar om die teologiese uitkomste in ons bediening tot uitvoering te bring.

Verlede jaar se tema het oor roeping gehandel en vanjaar vier ons Nicea 1700 of te wel, die Niceense Geloofsbelydenis wat 17 eeue gelede die lig gesien het. Tydens ons saamgesels gaan ons oor die essensie van Nicea gesels, homiletiese insigte deel en ook wyses vind oor hoe om die eeueoue belydenis in ons liturgie en gemeentes te laat herleef.

| **Geroep – ek glo, ek bely...<br>Streeksindeling VTT 2025** | | |
|---|---|---|
| **Streek** | **Ringe** | **Datum<br>Plek van VTT** |
| Gauteng Pretoria | Pretoria, Magalies, Pretoria-Wes, Krokodilrivier | 6-7 Mei<br>Philadelphia |
| Gauteng Johannesburg | Johannesburg, Brakpan, Germiston, Zuurfontein, Krugersdorp, Roodepoort, Vereeniging<br>Kollegas wat PTA VTT nie kon bywoon nie. | 4-5 Junie<br>Kempton Park-Oos |
| Oos Kaap | Oos-Kaapland | Tweeweeklikse virtuele gesprek |
| Noordelike Bosveld | Noordelike Bosveld, Laeveld | 6 Mei<br>Naboomspruit met ringsvergadering |
| Natal | Pietermaritzburg, Noordelike Natal | Aanlyn VTT |

| | | |
|---|---|---|
| Mpumalanga | Middelburg, Hoëveld, Chrissiesmeer, Bronkhorstspruit | 5-6 Augustus Genesaret by Chrissiesmeer |
| Bloemfontein | Bloemfontein, Noord-Kaapland | Aanlyn VTT |
| Noordwes | Potchefstroom, Klerksdorp, Maquassie, Vrystaat, Noord-Kaapland, Rustenburg, Zeerust, Losberg | 19-20 Augustus Venterskroon |
| Kaap | Wes-Kaapland en Swellendam | Aanlyn VTT |
| Namibië | Dorsland | Desember aan die kus |

## NHKA Kompas Ekspo 2025

- Word deel van die **NHKA Kompas Ekspo 2025** – ’n opwindende geloofs- en musiekgeleentheid wat op **21 Junie 2025** by **Loftus D-veld (Gasvryheidsarea)** plaasvind. Die ekspo sal bestaan uit interaktiewe bedieningsstalletjies van **11:00 tot 18:00**, waar verskeie maniere van geloofsbeoefening en bediening ten toon gestel sal word. Daarna volg ‘n aand vol lofprysing en aanbidding met optredes deur onder andere **Die Piesangskille** en **Bernice West**, asook verskeie aanbiddingsgroepe. Hierdie is ’n wonderlike geleentheid vir NHKA-gemeentes om **deel te wees van hierdie geloofsbelewenis**! Julle kan betrokke raak deur middel van borgskappe, kosstalletjies, bedieningstalletjies of om te help as vrywilligers. Kontak ds Thomas Dreyer by **thomas7dreyer@gmail.com**, 082 881 2595 of op WhatsApp by 072 033 6456 vir verdere inligting.

## Studentesake

- Ons besef hoe belangrik dit is om te voel dat jy iewers aan ’n geloofsgemeenskap behoort. Om weg van jou ouerhuis ’n geestelike tuiste te vind, kan ’n uitdaging wees. Ons wil graag van diens wees.

  Studeer jy by enige van hierdie instansies?
  - Akademia
  - Centurion Akademie
  - Sol-Tech
  - Stadio

  As jy in die Centurion-omgewing woon, wil ons jou bewus maak van die geestelike versorging wat ons gemeente aan studente bied. Ons bedien die volgende woonareas:
  - Lyttelton
  - Kloofsig
  - Monumentpark
  - Doringkloof
  - Irene
  - Die Hoewes
  - Highveld

  Ons wil graag ’n geestelike tuiste aan alle studente in ons omgewing bied. Ons kan selfs vervoer na ons gemeentebyeenkomste reël. Indien jy meer inligting benodig, kontak gerus vir ds Lisa-Mari (083 943 4561) of vir Maryna (012 664 2044 tydens kantoorure).

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Pensionaris-Dinsdae

Ontdek die geskiedenis, aktiwiteite en fasiliteite van die Voortrekkermonument, asook spesiale pakkette wat vir pensioenarisse saamgestel is.

**Elke Dinsdag in April 2025**
Tyd: 10:00 – 12:00
Waar: Voortrekkersaal, Voortrekkermonument
Koste: R60 per persoon (koffie & beskuit ingesluit)

| DATUM | TEMA | SPREKER |
|---|---|---|
| 15 April | Diensbaarheid na aftrede | Albert Denyschen |
| 22 April | Die krag van herinneringe | Ds Hannes van der Merwe |
| 29 April | Wysheid kom met die jare | Albert Denyschen |




## Barmhartigheid




- Kom geniet 'n heerlike oggend van sang saam met **Jak de Priester** op **24 April** om 10:00 by **Seniorstuis Dienssentrum**, Parkerstraat 105, Riviera, Pretoria. Kostes beloop R150 per persoon en kaartjies kan per kaart of kontant by die Dienssentrum se adminkantoor (012 329 3707 of **stadmin@otmt.org**) gekoop word. Kaartjies is ook by die res van die Ons Tuis-tehuise beskikbaar. Verversings word na die vertoning te koop aangebied by ons Toeka Restaurant wat vanaf 1 April by die Dienssentrum bedryf word.

- **NHSV-streekbyeenkomste:** Die NHSV tema vir 2025 is: ***want ek weet op wie ek vertrou* (2 Tim 1: 12b)** wat volg op die tema van 2024: *Al het ek geval, ek staan weer op* (Miga 7: 5).

  Die NHSV se streekbyeenkomste vind vanaf Maart tot Oktober 2025 plaas in die onderskeie streke van ons land.

  Ons nooi alle vrouelidmate uit om moeite te doen om die streekbyeenkomste in u streek by te woon. Indien daar nie 'n NHSV-tak in u gemeente is nie wil ons steeds alle dames uitnooi om saam met ons hierdie inspirerende geleenthede by te woon. Byeenkomste fokus daarop om dames te verryk en met nuwe moed en motivering na hul gemeentes terug te stuur.

Die NHSV Hoofbestuur wil ook vra dat kerkrade sal toesien dat dames in u gemeente hierdie verrykende geleenthede sal bywoon. Baie moeite word gedoen om sprekers te kry wat by die NHSV se tema sal aansluit, plaaslike kunstenaars en uitstallers word betrek en elke dame sal weer pitkos ontvang om hulle dienswerk met entoesiasme in gemeentes voort te sit.

| DATUM | STREEK | GEMEENTE |
|---|---|---|
| 12 April | Swellendam | Stilbaai |
| 9 & 10 Mei | Dorsland | Windhoek |
| 17 Mei | Noord-Kaap | Vryburg |
| 24 Mei | Noordelike Pretoria | Rietvallei |
| 24 Mei | Pretoria | Rietvallei |
| 31 Mei | Wes-Kaap | Worcester |
| 28 Junie | Noordwes | Klerksdorp |
| 2 Augustus | Bloemfontein | Goudveld |
| 2 Augustus | Oos-Rand | Springs-Oos |
| 16 Augustus | Oos-Transvaal | Lydenburg |
| 16 Augustus | Rustenburg | Schoemansdal |
| 23 Augustus | Hoëveld | Secunda |
| 23 Augustus | Wes-Rand | Weltevreden |
| 20 September | Noord-Transvaal | Welgelegen |
| 27 September | Vaalrivier | Deo Volente |
| 11 Oktober | Natal | Glencoe |
| Sal aangekondig word | Oos-Kaap | Port Elizabeth |

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **taal@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week

My Here en my God

Dankie dat ek weet U praat met my.
Dis ek wat nie daarop ingestel is om u stem te herken nie.
Maak dit stil in my, sodat ek sal hoor wanneer U my roep.
Ek wil ook soos Samuel sê: *Praat, Here, u dienaar luister!*
En dan wil ek opstaan en doen wat U van my verlang.

Amen.

(Uit: *Briewe aan God*. Lizette Murray. 2018)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Hartmann